

Wat om met jou geld te doen wanneer julle skei

Nico van Gijsen



Raad met jou rande

Vroue - dis gewoonlik maar die vrou - skik in 'n egskeiding baie keer vir 'n bedrag geld wat moet dien vir verdere onderhoud vir haar en/of die kinders, maar weet dan nie altyd wat om daarmee te doen nie.

En dan kies hulle verkeerd. Gewoonlik.

Ek hanteer nie egskeidings nie; ek is nie 'n prokureur nie. Maar as gesertifiseerde finansiële beplanner hoor en sien ek baie. Sommige luister en dit gaan beter, sommige luister nie en dit gaan slegter. So, kom ons kyk uit twee hoeke hierna: voor die skikkingsooreenkoms en daarna.

Ek meen daar word soms te maklik 'n bedrag geld as skikking aanvaar. Soms, dink ek, is die bedrag vir die vrou so groot teenoor waaraan sy gewond is dat sy glo sy is nou ryk. En dan maak sy soos so baie ander wat van niks skielik met 'n bietjie geld sit: Dit word gemors.

Hier is my punt: Jy kan 'n behoorlike berekening doen van jou toekomstige behoeftes. Laat hy of sy ook 'n aktuaris betrek om vir jou die onderhoudsberekening te doen.

Terloops, dit geld nog te meer in die geval van 'n eis om onderhoud van 'n langsliewende gade, waar die man nie genoeg nagelaat het vir sy vrou nie. Ons gesels anderdag hieroor.

My verdere punt wat hierby aansluit, is dat as jou eks vir jou 'n skikkingsbedrag uit "sy trust" aanbied, moet jy weet jy word waarskynlik ingeloop.

My raad in so 'n geval: val die trust aan, want hy gebruik dit duidelik asof dit syne is en 'n hof gaan dit in ag neem wanneer die onderhoudseis toegestaan word.

Goed, jy het geskik, julle is geskei en jy het jou geld, wat nou?

Maar eers: Ek hoop nie jy is een van daardie vroue wat 'n lewenspolis op haar man se lewe moet betaal vir haar onderhoud en dan moet sit en wag dat die boggel doodgaan voordat sy kan voordeel trek daaruit nie. Dit moes deel van jou skikking gewees het; hy moet dit betaal. Dis tog sy onderhoudsplig wat gedek word.

En die geld? Praat met 'n finansiële beplanner, want daar is opsies en dit wat jy vandag besluit, gaan môre en oormôre jou finansiële posisie bepaal. Hier is enkele gedagtes.

As jy gelukkig genoeg is om die geld op lang termyn te belê, kan jy 'n uittreeannuïteit (UA) oorweeg. Jou groei is belastingvry en die UA is gevrywaar teen skuld-eisers. Laat staan eers kinders se studie, of hanteer dit op 'n ander manier. Spaar jou geld.

Jy kan dit in 'n diskresionêre belegging doen en nie 'n UA nie. Die UA is net vir my 'n manier om seker te maak die geld hou tot jou oudag en word nie uitgegee op luukshede en giere nie.

As jy dit belê vir 'n inkomste, moet jy seker maak die makelaar/beplanner wat jy kies, werk na jou doelwitte toe en nie syne nie. Ouens wat "gratis" werk, behoort 'n aanduiding te wees.

Dit kan in jou guns werk om jou geld in 'n vrywillige annuïteit te belê. Dit verseker dat jy vir die res van jou lewe 'n gewaarborgde inkomste kry. En dis baie belastingvriendelik.

Die belangrikste is dat jy op lang termyn dink, nie vir vandag nie.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**